

## Die werksmanne van Slovoville

### Johnny Masilela

Skynbaar onbewus van die versengende hitte het die mans opgedaag met baadjies en die vrouens met komberse oor hul skouers - so sterk was die invloed van die vergeleë stamlande se tradisies nog.

Nou sit die manne van Slovoville rustig en luister, knieë opgetrek. Party krap in die harde grond rond met droë stokkies. Die vrouens luister ook, hul bene uitgestrek in die stof. Hulle luister almal aandagtig na die spreker, Jeremiah Vimbi, hy met die groot gate in sy oorlelle en 'n stem soos die gerammel van veraf donder. Hy probeer die mense oorreed om ernstig te dink oor die bou van 'n skool vir ons, die kinders van Slovoville.

“Een rand ... twee rand ... Geen bedrag is te groot of te klein nie,” sê Jeremiah Vimbi vir die mense terwyl die hoed die ronde doen. Byna almal gooi iets daarin.

Daarna begin die mense kookus oor hoe die geld aangewend gaan word. Iemand steek sy hand op en stel voor dat die geld gebruik word om boumateriaal te koop, “en rooi bakstene wat net so mooi soos die van die steenhuis is”.

“Daar's geen manier waarop die bietjie geld wat ons hier gekollekteer

het, vir bakstene kan betaal nie," waarsku Jeremiah Vimbi.

"Daar's 'n fabriek wat gebruikte oliedromme verkoop. Ons kan met die geld dromme koop wat ons kan oopsny en platslaan vir sinkplate. Op die manier kan ons selfs meer klaskamers bou," sê Khoza, hy van Malamulele, die land van die heuningby en die mopaniewurms. "Maar wie gaan die dromme oopsny? Het jy daaraan gedink?" vra een van die ouers.

Nou steek my oupa sy hand op vir 'n spreekbeurt. Hy maak keel skoon en sê: "Die vorige spreker verbaas my. Ek bedoel, as hy wil weet wie gaan die verantwoordelikheid op hom neem om die dromme oop te sny, is die antwoord eenvoudig: ek en almal van ons hier sal dit moet doen. Wie anders het die spreker gedink sal ons werk vir ons doen? Daar ver in my tuisdorp grawe die mans grafte met hul kale hande, nie met die wit man se masjiene soos julle mense hier in Slovoville nie. Het ons voorouers ons nie geleer dat enige soort werk moontlik is as baie hande saamwerk nie?"

Nog 'n ronde applous en Jeremiah Vimbi het rede om te glimlag.

En so het die werk 'n paar dae later begin aan wat bekend sou staan as die Jeremiah Vimbi Gemeenskapskool.

Tweedehandse oliedromme, pale, spykers wat nie te krom was nie,

draad, seil en sakke sement is bymekaargemaak deur lede van SlovoVILLE se gemeenskap vir die bou van ons skool. Party van die materiaal het ons bymekaargemaak waar die mense in die steenhuisse hulle rommel gestort het - die ryk mense in die baksteenhuisse wat ons "plakkers" noem. Die meeste van die swaar boumateriaal is na die bouplek vervoer in Jeremiah Vimbi se ou trek.

En daar op die bouplek het Oupa en die ander mans die oliedromme met byle oopgekap en met vyfpondhamers tot sinkplate geslaan. Hulle het die spykers reguit geslaan, en die hele tyd "Shosholoza" gesing, daardie pragtige lied van manne wat besig is om te werk.

Khoza, die Sjangaan van Malamulele, gryp op 'n keer 'n skerppuntmik om die sloot te grawe waarin die pale moet staangemaak word. Khoza lig die werktuig in die lug, maar ... helaas, hy mis die teiken, en 'n paar vloekwoorde in Sjangaan vlieg uit sy mond.

My oupa, hy met die massiewe skouers en hande wat byna tot by sy knieë reik, en die kaalgeskeerde kop wat blink in die son, vat die pik by die vloekende Khoza en lig dit omhoog. Op sy nek en skouers bult die spiere toe hy die houtsteel met sy staal punt in die lug laat tol.

"E-joe-e-joe-e-joe!" ululeer die vrouens wat die kos vir die werksmanne kook.

Met die blitsige beweging van 'n koperkapel spoeg Oupa in sy palms, vryf hulle teen mekaar en vang die pik voor dit op sy kop land. Nog 'n keer tol hy die werktuig in die lug op en strek al twee hande uit om die vallende pik se staalpunt vas te gryp.

Die vrouens antwoord met 'n skril gejuig terwyl die mans fluit van pure ontsag vir sulke formidabele ratsheid en krag in iemand wat so oud is.

My oupa - hy van wie hulle vertel dat hy 'n pofadder aan sy stert gegryp en sy giftande teen 'n mopaniestam uitgeslaan het - lig die pik in die regte posisie, moker die punt in die harde grond vas en ...

Shosholoooozaaaa ... oempf!

Awuyeeee ... oempf!

Kwezontaaaabaaaa ... oempf!

Is'timela sivel' eSouth Africa ... oempf!

Wen' uyabaleeeekaaaa ... oempf!

Awuyeeee ... oempf!

Toe Oupa 'n slag na asem hyg en 'n blaaskansie vat, probeer iemand om die los grond met 'n skopgraaf uit die sloot te werk. Skep! Die skopgraaf glip uit die man se onbeholpe, sweterige vingers en land met 'n dowwe wap! op sy toonnael - wat ons jong seuns laat giggel en grinnik.

My oupa klik verontwaardig met sy tong, spring vorentoe en gryp die

skopgraaf by die jonger man.

Toe maak my oupa, hy met die massiewe skouers en die hande wat byna tot by sy knieë reik, die skopgraaf teen sy een been staan, hy spoeg in sy handpalms en vryf hulle teenmekaar. Hy gryp die skopgraaf met al twee hande, swaai die ding agtertoe en stamp die blink lem in die vars aarde in en ...

Shosholoooozaaaa ...

Skep! Gooi!

Awuyeeee ...

Wen' uyabaleeeeekaaaa ...

Skep!

Gooi!

Die mans lig die lang pale op en maak hulle regop staan in die sloot wat Oupa klaar gegrawe het. Na die pale kom die balke, en die groeiende konstruksie lyk al hoe meer soos die enorme geraamte van 'n dier wat glo lank voor koning Sjaka op die aarde geleef het. Die platgeslaande plate word opgelig en boontoe aangegee na die mans wat op die krakende, selfgemaakte steiers staan.

Die gespierde manne van Slovoville lig hul hamers soos een man.

Shosholoooozaaaa ...

Doef! Oempf!

Teen sononder maak die vrouens hulle kookgereedskap bymekaar en dra dit huis toe na 'n dag se harde werk.

Die mans laat hulle gereedskap net daar lê nadat hulle hul sweterige lywe in die kruywaens gewas het, want Jeremiah Vimbi, trokdrywer en afgetrede nagwag, het aangebied om snags wag te staan.

Hy kom aan net toe almal op pad huis toe is. Hy het 'n oorgroot helmet op met 'n band onder die ken, en 'n bruin jas aan. Nes die een wat Oupa gesê het hy gekry het na die oorlog met Hitler.

Die werksmanne kry hul koers. Jeremiah Vimbi bly agter op die toneel van die skoolgebou in wording, met 'n knuppel onder die arm en 'n fluitjie wat aan 'n tou om sy nek hang. Bors uit. Maag in. Boude uit. Links, regs, links, regs ...

Die volgende oggend het die werksmanne hom met arms en bene oopgespalk op die stowwerige grond gevind, die silwer fluitjie nog in sy mond, en 'n steekwond in sy bors.

Die manne se gereedskap was weg.